

FINANSIEEL GESPROKE

OKTOBER 2013

INHOUD

BLY RELEVANT IN 'N VERANDERENDE WÊRELD
PIETER HUGO

OP PAD NA 'N STADIGE HERSTEL
JOHANN ELS

OLD MUTUAL INVESTORS' FUND
PETER LINLEY

DIE GROOT ROTASIE
PETER BROOKE


BLY RELEVANT IN 'N DIGITALE WÊRELD
BELINDA DUFF



BLY RELEVANT IN 'N

VERANDERENDE WÊRELD...

PIETER HUGO, BESTURENDE DIREKTEUR, OLD MUTUAL UNIT TRUSTS



In vorige uitgawes van Finansiële Gespreke het ons baie gesels oor die voortslepende nadraai van die finansiële krisis. Ons het ook 'n kykie gegee in hoe om seker te maak dat u beleggings goed geplaas is om u teen die talle potensiële risiko's te beskerm, en seker te maak dat u die verskillende beleggingsgeleenthede optimaal kan benut.

In hierdie uitgawe delf ons weer 'n bietjie dieper in van die veelbesproke kwessies waarmee die ekonomiese wêreld tans te kampe het. Een van hierdie kwessies is die verrassende besluit deur die Amerikaanse Federale Reserweraad (die Fed) om sy "kwantitatiewe veruimingsprogram" nog sterk aan die gang te hou. Aangesien die Fed nie met die ekonomiese groeitempo tevrede is nie, meen hy dit is nou nie 'n goeie tyd om kwantitatiewe veruiming te begin verslap nie. Die markte het hierop gereageer en aandele het oor die algemeen tot nuwe rekordhoogtepunte gestyg.

Die wydverspreide kommer en onsekerheid wat die afgelope paar maande deur hierdie kwessie veroorsaak is, terwyl beleggers gewonder het hoe sake sou ontwikkel, het skynbaar 'n paar groot verskuiwings in wêreldmarkte aan die gang gesit. Party beweer dat dit 'n beduidende aansporing is vir die "Groot Rotasie" van beleggers uit effekte in aandele.

Ingeval u, soos ek, bietjie hulp nodig het om helderheid te kry oor wat dit alles beteken, en hoe relevant dit vir ons beleggings is, het ons Old Mutual Investment Group se Senior Ekonomiese Adviseur, Johann Els gevra om die kwessies vir ons uiteen te sit. Johann gaan in 'n besonderhede hierop in om ons te help verstaan

hoekom daar praatjies van 'n afskaling is en wat dit werklik beteken, en gee dan 'n kort oorsig van die internasionale en plaaslike ekonomie.

Peter Brooke, hoof van MacroSolutions, plaas die Groot Rotasie in konteks. Hy gee sy siening van die implikasies wat dit vir beleggers inhou – veral Suid-Afrikaanse beleggers, wat negatief geraak kan word namate internasionale beleggingsneigings omkeer. Peter staan aan die hoof van 'n span aktiewe batetoewysingspesialiste in Old Mutual Investment Group wat 'n reeks multibateklas-oplossingsfondse bestuur, met ongelooflike ervaring en kundigheid om te verseker dat die fondse optimale blootstelling aan die regte bates het. Dit is beslis die moeite werd om noukeurig te kyk na ons reeks oplossingsfondse wat deur Peter bestuur word en wat deel van ons Klassieke Beleggingsreeks uitmaak.

Hoewel beleggers uiters moeilike omstandighede in die beleggingsomgewing moes trotseer en veral heelwat slegte nuus moes vertere, het plaaslike aandele hul baie goeie prestasie voortgesit. Die wêreld het beslis verander en kommentators praat van 'n "nuwe normale" klimaat.

Ons siening is dat daar altyd nuwe uitdagings in die beleggingsmarkte sal wees, en hoewel mens moet seker maak dat jy die ekonomiese tekens reg lees, meen ons dit is uiters belangrik om bestuurders te kies wat 'n duidelike beleggingsfilosofie en -benadering het om jou beleggings veral in sulke tye te bestuur.

Dit het die Old Mutual Investors' Fund beslis goed te pas gekom, as een van ons besonder sterk presteerders oor die afgelope 12 maande. In hierdie uitgawe vertel Peter Linley van Old Mutual Investment Group se Equities-span ons meer oor hierdie fonds, hoekom dit so sterk presteer het, en hoe hy die fonds vir die toekoms positioneer.

Hou ook gerus die Old Mutual Global Equity Fund dop, wat met beleggings in aandele van regoor die wêreld aan beleggers blootstelling gee aan die wêreld ekonomie. Ondanks baie ondergemiddelde prestasie die afgelope tien jaar, het oorsese aandele die afgelope jaar of wat baie sterk presteer. U sal miskien onthou dat Peter Brooke voorheen na oorsese aandele as een van ons voorkeurbateklasse verwys het – hierdie fonds is 'n goeie keuse vir beleggers wat direkte blootstelling aan oorsese aandele wil kry.

By Old Mutual Unit Trusts glo ons dit is belangrik om 'n goeie begrip te hê van die ekonomiese omgewing wat ons beleggingsbesluite beïnvloed, maar ook om 'n goeie perspektief van die geheel te behou. Met inagneming van hierdie balans, weet ons hoe belangrik dit is om te sorg dat jou portefeulje relevant bly om met jou beleggingsdoelwitte tred te hou, deur dit gereeld te hersien, en terselfdertyd 'n weldeurdagte langtermynplan te volg en by goeie advies van 'n finansiële beplanner baat te vind. As u graag u plan wil toets, gaan kyk gerus na die reeks innoverende beleggingsnitsprogramme op ons webwerf (www.omut.co.za). Andersins kan u u finansiële beplanner raadpleeg.

NOG 'N PAAR ONTWIKKELINGE OM VAN KENNIS TE NEEM:

Ons bring graag die volgende ontwikkelinge onder u aandag, in ooreenstemming met ons strewe om in 'n veranderende wêreld relevant te bly:

- **Ons het pas ons veilige webtuiste vir slimfone en tablette geloods.** U hoef nou nie meer by u rekenaar te wees om aanlyn na u effektrustportefeulje te kyk of tot inligting oor effektrustfondse toegang te kry nie. U kan u slimfoon of tablet gebruik om ons veilige webtuiste te besoek.
- **Ons gaan ons multibestuurde fondsreeks herdoop:** In ons multibestuurde effektrustreeks sal sekere fondse herdoop word, in ooreenstemming met regulatoriese vereistes om die belange van beleggers te beskerm deur naamgewingspraktyke strenger te reguleer. Daarom sal ons die naam van ons effektrustmaatskappy, "Old Mutual", by die name van al hierdie fondse insluit:

SYm|mETRY Balanced Fund of Funds word
Old Mutual SYm|mETRY Balanced Fund of Funds

SYm|mETRY Cautious Fund of Funds word
Old Mutual SYm|mETRY Cautious Fund of Funds

SYm|mETRY Defensive Fund of Funds word
Old Mutual SYm|mETRY Defensive Fund of Funds

SYm|mETRY Equity Fund of Funds word
Old Mutual SYm|mETRY Equity Fund of Funds

SYm|mETRY Fixed Interest Fund of Funds word
Old Mutual SYm|mETRY Enhanced Income Fund of Funds

SYm|mETRY Money Market Fund word
Old Mutual SYm|mETRY Money Market Fund


En "Fixed Interest" sal verander na "Enhanced Income" in die naam Old Mutual SYm|mETRY Enhanced Income Fund of Funds. Dit is om dit sterker te laat aansluit by die fonds se beleggingsfilosofie. Let asseblief daarop dat hierdie ontwikkelinge geen impak op die beleggingsbestuur van hierdie fondse het nie. U beleggings in hierdie fondse sal dus nie geraak word nie en u sal nog steeds dieselfde hoë dienspeil van ons ontvang.

Ons het ons fondsreeks bygewerk: Ons het onlangs 'n onbeperkte multibatefonds, die [Old Mutual Maximum Return Fund of Funds](#), bekend gestel. Die fonds bied blootstelling aan Suid-Afrikaanse en internasionale groeiassets, en spesifiek aandele, maar kan ook effekte, genoteerde eiendom, kontant of ander bateklasse insluit. Die fonds hoef ook nie 'n vaste minimum of maksimum in Suid-Afrikaanse of internasionale bates te belê nie. Hierdie onbeperkte mandaat stel die bestuurder in staat om te fokus op die fonds se doelwit om maksimum groei oor die lang termyn te behaal. Die [Old Mutual Maximum Return Fund of Funds](#) vervang die [Old Mutual Top Companies Fund](#) in die [Klassieke Beleggingsreeks](#). Die [Klassieke Beleggingsreeks](#) is sekere

spesiaal uitgesoekte fondse in ons beleggingsreeks wat daarop gemik is om ons fondsreeks vir beleggers te vereenvoudig.

Die onbeperkte multibate-mandaat van die [Old Mutual Maximum Return Fund of Funds](#) sal aan die behoeftes van 'n breër groep van ons kliënte voldoen as die [Old Mutual Top Companies Fund](#), wat steeds op Suid-Afrikaanse aandele fokus. Die nuwe fonds is geskik vir beleggers met 'n langtermyn-beleggingshorison wat maksimum groeipotensiaal oor die langer termyn wil hê, deur die portefeuljebestuurder maksimum vryheid te gee.

Benewens hierdie verandering, [het ons die Klassieke Beleggingsreeks uitgebrei deur die Money Market Fund en Real Income Fund by te voeg](#). Die [Old Mutual Money Market Fund](#) is geskik vir beleggers wat 'n likiede belegging nodig het met 'n gereelde inkomste en maksimum kapitaalbeskerming, terwyl die [Old Mutual Real Income Fund](#) ideaal is vir beleggers wat 'n fonds nodig het met inkomstegroei wat inflasie oor tyd probeer ewenaar. Na hierdie veranderings bestaan die [Klassieke Beleggingsreeks](#) nou uit die volgende fondse:



Hierdie veranderings is ook deel van ons voortgesette inisiatiewe om ons fondsreeks te vereenvoudig en seker te maak dat ons u steeds relevante beleggingsopsies gee. Ons sal hiermee voortgaan en, waar dit sinvol is, om regulatoriese goedkeuring aansoek doen en ons kliënte vra om te stem oor veranderings aan ons fondsreeks. U kan dus by geleentheid stembriewe ontvang vir voorgestelde veranderings waarvoor u kan stem. Ons glo al hierdie veranderings aan ons fondsreeks sal dit vir ons kliënte makliker maak om by ons te belê, en help om u beleggings relevant te hou in 'n immer veranderende ekonomiese omgewing.

Trouens, ons probeer om alle aspekte van u besigheidservaring makliker te maak. Moet dus nie vergeet om te lees hoe ons in die digitale wêreld relevant bly om u ervarings by ons positief en eenvoudig te hou nie.

Dankie dat u die bestuur van u beleggings aan ons toevertrou. Ek hoop hierdie uitgawe gee u interessante leesstof.

Vriendelike groete

Pieter Hugo



OP PAD NA 'N

STADIGE HERSTEL

JOHANN ELS, SENIOR EKONOM, OLD MUTUAL INVESTMENT GROUP

In die tweede kwartaal van 2013 het sprake van 'n afskaling van kwantitatiewe verruiming in die VSA 'n vloedgolf van onsekerheid oor die hele wêreld laat uitkring. Na ons mening is dit uit verband geruk, en tog was die reaksie van beleggers so intens dat baie mense begin glo het dat dit die wiel van die Groot Rotasie aan die gang gesit het. Dit verwys na die onttrekking uit effekte as 'n voorkeur bateklas na aandele, asook 'n toenemende voorkeur vir ontwikkelde bo ontlukende markte.

En onlangse gebeure het ons siening ondersteun dat ons op pad is na 'n Stadige Rotasie:

- Chinese data dui daarop dat die verlangsaming verby is en dat hierdie wêreldwyd invloedryke ekonomie in die tweede helfte van die jaar en in 2014 beter behoort te presteer.
- Die Amerikaanse Federale Reserweraad (die Fed) se besluit in September om die begin van die afskaling in kwantitatiewe verruiming (d.w.s. om teen 'n stadiger tempo effekte- en verbandgesteunde sekuriteite aan te koop as die huidige vlak van \$85 miljard per maand) uit te stel, het die mark verras. Die Fed is duidelik nog bekommerd oor die reële ekonomie en sal die stadige weg kies wat beleidsnormalisering betref.

IN DIE WESTE: HOEKOM IS DAAR SPRAKE VAN AFSKALING, EN WAT BETEKEN DIT?

Daar is beduidende strukturele verbeterings in die Amerikaanse ekonomie, wat op dreef is om te herstel, al gebeur dit teen 'n stadige pas. Saam met lae inflasie ondersteun dit die voortsetting van kwantitatiewe verruiming. Wat van belang is, is dat Fed-ampnare beklemtoon het dat afskaling nie rentekoersverhogings beteken nie, en dat rentekoerse nie gou verhoog sal word nie. Trouens, dit is veilig om te sê dat rentekoerse langer laag sal bly, aangesien lae koerse noodsaaklik is vir die herstel van die voertuig- en huissektore.

Werkloosheidsyfers sal fyn dopgehou word vir enige teken van rentekoersverhogings. Die Fed se teiken van 6.5% vir die oorweging van monetêre verskerpingsmaatreëls sal waarskynlik nie voor diep in 2014 bereik word nie, of moontlik eers in 2015. Die werkloosheidsyfer staan tans op 7.6% en sal waarskynlik eers verswak voordat dit verbeter, terwyl meer mense aktief begin werk soek.

IN DIE MIDDEL: EUROSONE

Onlangse data dui daarop dat die Eurosone uit die resessie beweeg het en aktiwiteitsdata was verrassend sterk. Die Europese Sentrale Bank (ESB) het verklaar dat rentekoerse laag sal bly so lank as wat dit nodig is om die ekonomie weer volhoubaar te laat groei.

IN DIE OOSTE...

JAPAN

In die ooste is die son nog aan die opkom oor Japan se nuwe ekonomiese beleid. Dit lyk of die Abenomie, wat inflasie tot 2% probeer verlaag, nog goed vaar, maar daar is steeds twyfel oor hoe volhoubaar dit is. Hoewel dit gedeeltelik bereik is, met fiskale en monetêre stimuleringsmaatreëls wat reeds in plek is, is dit nog onseker of die owerheid die vermoë (en wilskrag) het om die groeistrategie te implementeer, wat deregulering, mikrohervormings en groter infrastruktuurbelegging sal verg.


CHINA

It is fair to say that recently all eyes have been on the world's fastest Redelikerwys kan gesê word dat alle oë gevestig is op die wêreld se vinnigste groeiende ekonomie, terwyl dit toenemend verbruiksgeoriënteerd raak waar dit voorheen beleggingsgedrewe was, en op die gevolglike daling in groeiverwagtings. Die Chinese owerheid besef duidelik dat hul ekonomie nie die gemiddelde groeikoers van 10% per jaar soos tussen 1980 en 2010 gaan handhaaf nie. Hulle is tevrede met stadiger groei en verwag 'n gemiddelde van 7% p.j. vir die res van die dekade.

Onlangse Aankoopbestuurdersindeks-syfers – amptelike sowel as nie-amptelike opnames – het aan die hoë kant verras. Saam met die nywerheidsproduksiegroeisifers dui dit daarop dat die ekonomie begin verbeter.

IN DIE SUIDE: SUID-AFRIKA


Die fokus is nou op die rand. Die plaaslike geldeenheid het aansienlik verswak teenoor die Amerikaanse dollar en daar is talle redes vir hierdie swakheid – beide SA-spesifieke en eksterne faktore, wat die rand asook ander ontlukende markte se geldeenhede negatief beïnvloed het.



Bron: MacroSolutions

Eksterne faktore sluit die uitwerking in wat die Chinese verlangsaming op kommoditeitspryse en verwante uitvoervolumes gehad het. Die rand word altyd hierdeur geraak, omdat hulpbronne meer as die helfte van Suid-Afrika se totale uitvoer uitmaak. Die vooruitsig van die Fed se afskaling het boonop die indruk geskep dat beleggings in ontluikende markte nou minder aantreklik is. As Suid-Afrika se interne probleme (arbeidsonrus, elektrisiteitspryse, tekorte op die lopende rekening en begroting) hierby gevoeg word, is dit maklik om te verstaan hoekom die rand so skerp gedaal het.

STADIGER GROEI IN CHINA (& ONTLUIKENDE MARKTE), LAER KOMMODITEITSPRYSE, LAER SA KOMMODITEITSUITVOER, SWAKKER RANDWISSELKOERS



Bron: MacroSolutions

GEEN SILWER KOEËL NIE, MAAR DAAR IS ALTYD 'N SILWER RANDJIE...

Op 'n meer positiewe noot glo ons dat daar danksy die goedkoop rand waarskynlik nie 'n afverkoping in ons markte sal wees nie. Dit is belangrik omdat buitelandse besit van staatseffekte sowat VS\$47 miljard beloop en aandele VS\$250 miljard, terwyl SA se buitelandse reserwes VS\$50 miljard bedra.

Die depresiasie van die geldeenheid behoort ook te help om die tekort op ons lopende rekening oor die volgende twee jaar tot sowat 4.5% van BBP te verminder.

Verder het 'n swakker rand in die verlede 'n uitwerking van 20% op inflasie gehad – vir elke 10% wat die rand geval het, het inflasie met gemiddeld 2% gestyg oor die volgende twee jaar. Huidige swak ekonomiese groei sal egter hierdie uitwerking beperk omdat dit vir produsente en kleinhandelaars moeiliker sal wees om prysverhogings aan verbruikers deur te gee.

Ons verwag dat die uitwerking hierdie keer minder as 10% sal wees. Voedsel- en olie-inflasie word ook beter in toom gehou as in vorige inflasiestysiklusse.

SA se huidige stadige groeiklimaat sal waarskynlik vir die res van vanjaar voortduur. Hoewel ons 'n beduidende herstel in BPP-groei vir die tweede kwartaal verwag, na 'n swak eerste kwartaal, verwag ons net 2.1% groei vir 2013 (teenoor 2.5% verlede jaar) en 'n herstel tot 3% of meer in 2014.

En omdat die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) meer bekommerd is oor daalrisiko's vir groei as stygrisiko's vir inflasie, verwag ons dat rentekoerse vir die res van vanjaar en die grootste deel van 2014 of selfs die hele jaar onveranderd sal bly.

Dit is altyd goed om perspektief te behou, en in gedagte te hou dat SA sedert 1994 beduidende vordering gemaak het: daar was sedertdien 'n vreedsame politieke oorgang en verskeie suksesvolle verkiesings; ekonomiese beleid is redelik pragmaties en beduidende ekonomiese herstrukturering het plaasgevind – inflasie is laer, 'n fiskale ramp is afgeweer en infrastruktuur het verbeter; daar is groter voorsiening vir elektrifisering, water en formele behuising, en ons het gewys wat ons kan doen met die aanbieding van groot geleenthede soos die Sokkerwêreldbeker. ■



OLD MUTUAL

INVESTORS' FUND

PETER LINLEY OLD MUTUAL INVESTMENT GROUP, OLD MUTUAL EQUITIES


OLD MUTUAL INVESTORS' FUND BELEGGERS VIND BAAT BY STRENG BELEGGINGSPROSESSE

Old Mutual Investors' Fund het die afgelope twaalf maande sterk presteer – nie net danksy aandeelpryse wat gesonde opbrengste gelewer het nie, maar ook omdat ons geduld om sekere posisies oor die lang termyn te hou uiteindelik beloon is. Sedert die begin van die huidige wêreldwye finansiële krisis het verskeie kommentators dikwels gesê dat die huidige omstandighede meebring dat dit 'n besonder moeilike beleggingsomgewing is. Ons deel nie hierdie siening nie. Ons besef dit is nooit maklik om in die markte te belê nie. Dit is net die storie of omstandighede wat verander, en om prestasie te behaal wat die "mark" voor is, verg dissipline om 'n baie duidelike filosofie en benadering in alle marksiklusse te handhaaf.

Fundamentele, waardasiegedrewe aandeelkeuse vorm die grondslag van Old Mutual Equities (OME) se gedisiplineerde multifaktor-benadering. Hoewel ons besef dat belegging in onderwaardeerde maatskappye 'n oortuigende langtermynstrategie is om goeie prestasie te lewer, is dit nie die enigste kriterium nie. Ons het meer as 300 faktore of "kenmerke" van aandele in die Suid-Afrikaanse mark nagevors en dié met die sterkste verwantskap met goeie langtermynprestasie gekies. Markte en die prestasie van verskillende beleggingstyle beweeg in siklusse. As hierdie faktore by ons fundamentele, waardasie-gebaseerde ranglys gevoeg word, bied dit 'n meer gebalanseerde en holistiese benadering tot die keuse van aandele en verbeter dit ons vermoë om mededingend deur die verskillende marksiklusse te belê. In 'n tydperk wat die laaste vyf jaar dek waarin "goedkoop" aandele nie aantreklike opbrengste gelewer het nie, het Old Mutual Investors' Fund uiters mededingende opbrengste getoon, wat die impak van OME se gebalanseerde benadering tot aandeelkeuse weerspieël.

Old Mutual Investors' Fund fokus suiwer op belegging in Suid-Afrikaanse aandele. Die waardasie van plaaslike aandele sluit projeksies vir sekere belangrike veranderlikes soos die rand, rentekoerse en kommoditeitspryse in. Die waarskynlikste scenario wat ons voorsien het, was dat die wêreld ekonomie verder sou verbeter, maar dat die plaaslike geldeenheid aan beduidende risiko's blootgestel is. Hoewel ons 'n swakker rand

by ons maatskappyvooruitskattings ingesluit het, was ons sterk oortuig dat die risiko's vir die rand aan die negatiewe kant was. Ons het dus nie net aantreklike waarde in die randverskansers – hoofsaaklik British American Tobacco, en sikliese internasionale aandele soos Richemont, Naspers en Mondi – raakgesien nie, maar ook die risiko van 'n selfs nog swakker rand. Hierdie twee groepe aandele het meer as 'n derde van ons portefeulje uitgemaak toe die rand tot bo R10 teenoor die Amerikaanse dollar verswak het, wat die dryfkrag agter hierdie aandele se goeie prestasie was. Ons navorsing oor Richemont en Naspers is ook beloon aangesien hierdie maatskappye se resultate markverwagtings ver oortref het, maar bemoedigend in ooreenstemming met ons siening was.




Bron: Old Mutual Equities

Ons gebrek aan entoesiasme vir aandele waarna ons by OME as "SA Ingelyf" verwys (banke, kleinhandelaars, voedselmaatskappye, ens.), was nie net toe te skryf aan onaantreklike waardasies soos veral in die geval van verbruikersaandele nie, maar ook ons kommer dat effekte-opbrengste onvolhoubaar laag was en dat hierdie aandele asook eiendomsaandele sou onderpresteer wanneer effekte-opbrengste styg. Dit het inderdaad gebeur en die fonds se groot blootstelling aan die randverskansers wat goed presteer het, en baie lae blootstelling aan verbruikers- en eiendomsaandele, het vir die fonds se sterk prestasie gesorg.

Mynaandele was die afgelope tien jaar 'n baie gewilde onderwerp van bespreking terwyl China sy massiewe infrastruktuur-beleggingstrategie aangepak het.

Met hierdie strategie het China 'n massiewe invoerder van metale soos koper en ystererts geword, wat die pryse van hierdie kommoditeite laat styg het. Tot die aanbreek van die finansiële krisis was die dramatiese styging in die pryse van mynaandele nie verbasend nie. Die probleem met China is egter dat hierdie beleggingsdryfkrag nie teen dieselfde tempo volgehou kan word nie, omdat dit uiteindelik 'n punt bereik waar nuwe investering hoër skuldvlakke meebring op dieselfde tyd as wanneer ekonomiese opbrengste daal. Dit is die vernaamste rede waarom ons versigtig bly oor die pryse van metaalkommoditeite en dus 'n beskeie blootstelling aan mynaandele handhaaf. Ons is egter baie meer positief oor die olieprys. Dit verklaar waarom Sasol die voorkeur-kommoditeitsaandeel in Old Mutual Investors' Fund se portefeulje is, met 'n blootstelling van amper 10%, wat ook uitstekende randverskansingskenmerke bied.

'n Gesonde beleggingsbenadering binne 'n gedissiplineerde en onemosionele multifaktor-raamwerk lewer mededingende opbrengste vir ons kliënte wat in die Old Mutual Investors' Fund belê, en dit sluit al die spanlede van OME in. ■



*Deur Peter Linley bestuur sedert 2009
Bronne: Morningstar en Old Mutual Investment Group



THE GREAT ROTATION

PETER BROOKE HOOF VAN MACROSOLUTIONS

Die markte het in die eerste helfte van 2013 'n kritieke keerpunt bereik, toe die Amerikaanse Federale Reserweraad (die Fed) persepsies oor toekomstige koerse verander het. Dit het 'n skerp rotasie uit vaste-inkomstebates aan die gang gesit, en veral ontlukende markte is swaar getref.

Baie kommentators glo dit is die begin van die "Groot Rotasie" terwyl die wêreld uit 'n era van finansiële repressie beweeg. Die "Groot Rotasie" is sinoniem met beter groei in ontwikkelde markte, hoër effekte-opbrengste en geld wat uit effektedfondse na aandelefondse vloei. Ons siening is dat die globale koste van kapitaal wel 'n onderste draaipunt bereik het, maar dat die proses tyd sal verg, en daarom noem ons dit die "Stadige Rotasie".

Die VS sal aan die voorpunt van die herstel wees, maar strukturele beperkings in Europa en die daling in China se langtermynegroei koerse beteken dit sal nie vinnig gebeur nie, maar eerder geleidelik, met stampe en stote. Dit sal vaste-inkomstebates waarskynlik sterk kortwiek oor die medium termyn, en ek verwag nog steeds dat internasionale effekte negatiewe reële opbrengste sal lewer. Ondanks die verbetering in groei, sal korttermynrentekoerse abnormaal laag gehou word, wat beteken dat oorsese kontant steeds negatiewe reële opbrengste sal lewer (-1%).

BATEKLAS-OPBRENGSTE (SES MAANDE TOT 30 JUNIE 2013)

| | RANDOPBRENGSTE | VS DOLLAR- OPBRENGSTE |
|-----------------------------------|----------------|--------------------------|
| SA OPBRENGSTE | | |
| FTSE/JSE SWIX Alle Aandele-indeks | 2.3% | -12.7% |
| SA Genoteerde Eiendom | 8.8% | -7.2% |
| SA Effekte | -1.4% | -15.8% |
| SA Kontant | 2.5% | -12.5% |
| INTERNASIONALE OPBRENGSTE | | |
| MSCI Wêreldindeks (Alle Lande) | 24.6% | 6.4% |
| Ontluikende Markte | 6.2% | -9.4% |
| Effekte | 10.4% | -5.8% |
| Kontant | 17.2% | 0.1% |

Bron: MacroSolutions

Met voorraad wat toeneem en die vraagdinamika wat verander terwyl China van 'n beleggingsgedrewe na 'n verbruiksgedrewe ekonomie oorskakel, is dit moeilik om te sien hoe kommoditeite sal floreer – veral as die Amerikaanse dollar sterker word as gevolg van beter relatiewe groei.

Dit beteken aandele is die enigste keuse – weens die onaantreklike vooruitsigte vir effekte, kontant en kommoditeite. Dividendopbrengs sal die "soeke na opbrengs" vervang wat beleggers na die meer riskante uiterstes van vaste-inkomstebeleggings gedryf het.


Aandeleveelvoude het egter gestyg en ons het ons langtermynvooruitskating van verwagte reële opbrengste vir SA aandele van 6.5% tot 6.0% verlaag.

Dit is gegrond op laer groeiverwagtings as gevolg van die stadiger BBP-groei-tendens, asook laer kommoditeitspryse en marges wat opbrengs op ekwiteit verlaag.

Nog 'n tegniese faktor is dat laer behoue verdienste toekomstige groeipotensiaal sal verlaag. Ons voorkeurbateklas is steeds internasionale aandele, wat volgens ons verwagting steeds 'n reële opbrengs van 6.0% oor die medium termyn sal lewer.

Met die beduidende verswakking van die rand het die potensiële opbrengste vir plaaslike beleggers wat geld oorsee belê egter aansienlik minder geword. Die beklemtoon die tema van 'n "wêreld van lae opbrengste".

WÊRELDWYDE VERSKUIWING VAN FINANSIËLE REPRESSIE NA DIE GROOT ROTASIE



ONS MOET MEER SPAAR EN
MINDER VERBRUIK OM ONS
EKONOMIE TE BALANSEER

SA SAL SWAARKRY WANNEER INTERNASIONALE BELEGGINGSTENDENSE OMSWAAI

Die verskuiwing na hoër globale koste van kapitaal is sleg vir Suid-Afrika. Die plaaslike ekonomie en markte het baat gevind by die langdurige daling in wêreldeffekte, wat die owerheid in staat gestel het om die tekort op die lopende rekening te befonds. Die land het ook baat gevind by die kommoditeit-supersiklus wat deur China gedryf is, asook die opkoms van ontluikende markte as 'n bateklas. Suid-Afrikaners sal swaarkry wanneer hierdie langdurige neigings nou omswaai.

Ons moet eenvoudig meer spaar en minder verbruik om ons ekonomie te balanseer. Ons is besig met 'n koorddans, met risiko's in die ooste én die weste – die Chinese resessie en die hoër koste van kapitaal wat met die internasionale rotasie gepaardgaan, hou albei potensiële gevaar in.

Daarom behou ons maksimum internasionale blootstelling in ons fondse en hou rekening met 'n veel riskanter omgewing vir SA bates.

Hierdie verskuiwing in wêreldmarkte onderstreep weer eens hoe belangrik dit is om 'n goed gediversifiseerde portefeulje te hê. Diversifikasie bly uiters belangrik en die taktiese waarde van kontant het toegeneem. Dit is belangrik om verloorders te vermy, en ons bly versigtig oor die korttermynvooruitsig vir verbruikersaandele. 'n Klein ligpuntjie is die onlangse afverkoop van plaaslike effekte, wat tot beter opbrengste gelei het en toekomstige spaarders sal help. Dit is veral waardevol vir ouer beleggers wat 'n hoër inkomste-komponent nodig het. In 'n wêreld van laer opbrengste het beleggers egter geen ander keuse as om meer te spaar nie. ■

VYFJAAR-BESKOUIING T.O.V. BATETOEWYSING

| | Reële opbrengs | Siening | Kommentaar |
|------------------------|----------------|-------------------|--|
| SA | | Neutraal — | Randswakheid het voorgekom, maar is moontlik oordrewe |
| Aandele | 6.0% | Neutraal | Raak duurder, met stadiger groei |
| Eiendom | 4.5% | Neutraal | Redelike opbrengs maar hoër risiko |
| Effekte | 2.0% | Neutraal | Onlangse afverkopings het waardasies 'n hupstoot gegee |
| Kontant | 0.0% | — | Hoër onbestendigheid skep geleentheidswaarde |
| Internasionaal* | | Neutraal + | Behou diversifikasie vir risikobestuur |
| Aandele | 6.0% | + | Beste risiko-aangepaste opbrengste |
| Effekte | -0.5% | — | Duur, met ernstige remsfaktore oor die lang termyn |
| Kontant | -1.0% | — | Kontant is nog steeds onaantreklik |

LW: Dit is reële langtermyn-opbrengste wat oor die volgende vyf jaar verwag word, soos op 15 Julie 2013.

* Die verwagtings vir internasionale opbrengste hierbo is in Amerikaanse dollar. Enige randdepressiasie sal die opbrengste in rand verhoog.



BLY RELEVANT IN DIE **DIGITALE WÊRELD**

BELINDA DUFF KLIËNTEBEDRYFSBESTUURDER BY OLD MUTUAL UNIT TRUSTS



By Old Mutual Unit Trusts is ons altyd daarop ingestel om voor te bly en u ervaring van ons diens so aangenaam, maklik en gerieflik as moontlik te maak. Dit beteken ons probeer innoverende, gevorderde funksionaliteit vir u (of u finansiële beplanner) verseker om maklik aanlyn, telefonies of per e-pos sake te doen. Ons wil verseker dat u interaksie met ons u behoeftes pas. Ons sal waarskynlik iets hê wat vir u werk, ongeag wat u kommunikasievoorkeur is.

E-POSKOMMUNIKASIE MET ONS

Om per e-pos met ons te kommunikeer is maklik. As u geskandeerde transaksievorms per e-pos aan ons wil stuur, stuur asseblief na uttransactions@oldmutual.com. Vir navrae of diens, stuur e-pos na unitrusts@oldmutual.com. Vinnig, maklik en moeitvry.

E-POSKOMMUNIKASIE MET U

Een van die belangrikste hulpmiddels wat ons gebruik om elektronies met kliënte te kommunikeer, is InfoSlips, 'n innoverende interaktiewe kommunikasiemetode. InfoSlips stel ons in staat om in een aanhangsel per e-pos volledige inligting aan u te stuur, insluitend u jaarstate, belastingsertifikate, interessante beleggingsartikels en ander bruikbare inligting. InfoSlips gee u 'n elektroniese rekord van al u effektruststate, wat u op u tyd kan lees. Dit verskaf ook skakels om u persoonlike inligting op datum te hou of u effektrustbeleggings aan te vul. Nog 'n voordeel vir u is dat ons 'n aanlyn-argief hou van alle InfoSlips wat aan u gestuur is, waartoe u ook toegang het. Hoe gouer u vir ons u e-posadres gee, hoe gouer kan u hierdie voordeel kry. InfoSlips word beveilig, wat beteken iemand anders kan dit nie soos in die geval van 'n gewone e-posboodskap eenvoudig oopmaak en u inligting lees nie.

TOEGANG TOT U PORTEFEULJE EN TRANSAKSIES OP ONS VEILIGE WEBTUISTE

Ons veilige webtuiste (Secure Site) bied maklike toegang tot al u inligting en stel u in staat om maklik u effektrustportefeulje te bestuur, met vereenvoudigde navigasie en vinnige skakels na relevante inligting. Nadat u aangemeld het, kan u na eenvoudige, insiggewende grafieke kyk wat u portefeuljeprestasie of batetoewysing aandui. U kan ook enige tyd u belastingsertifikate en verskillende state oopmaak, aflaai en/of e-pos. Verder kan u ook beleggings en omskakelings in u standaard- en aftreeportefeuljes aangaan, en verkooptransaksies op u standaardportefeulje aangaan.

BESTUUR U PORTEFEULJE VIA ONS KLIËNTEDIENSSENTRUM

As u persoonlike diens verkies, sal ons toegewyde Old Mutual Unit Trusts Kliëntedienssentrum aan u professionele hulp verleen om u effektrustportefeulje te bestuur en u inligting bygewerk te hou – telefonies by 0860 234 234 of per e-pos by unitrusts@oldmutual.com.

As u nie 'n finansiële beplanner het nie, kan ons kliëntedienssentrum u met 'n finansiële beplanner in aanraking bring as u wil.

TRADISIONELE TRANSAKSIES

As u die papiergebaseerde aansoekstelsel verkies, sal u bly wees om te weet dat dit nog steeds beskikbaar is – die elektroniese opsie is eenvoudig 'n addisionele keuse. U kan u ingevulde vorms en stawende inligting skandeer en per e-pos stuur na uttransactions@oldmutual.com of faks na 021 509 7100.

HOU U BESONDERHEDE OP DATUM!

Om dit omgewingsvriendelik, vinnig en gerieflik te maak, wil ons u aanmoedig om u e-posadres aan ons te verskaf sodat u u kommunikasie van Old Mutual Unit Trusts per e-pos kan ontvang. Hou asseblief u besonderhede op datum. Dit sluit u kontakbesonderhede (e-posadres en telefoonnummers), u adres (woon-, werk- en posadres) en u inkomstebelastingverwysingsnommer in.

NUUT

SIEN U EFFEKTRUSTPORTEFEULJE OP U SELFOON

Dit raak nog eenvoudiger. U hoef nou nie meer by u rekenaar te wees om aanlyn na u effektrustportefeulje te kyk of tot inligting oor effektrustfondse toegang te kry nie. Ons het pas veilige webtoegang vir slimfone geloods, wat u (of u beplanner) vinnige en maklike toegang gee tot u effektrustportefeulje, transaksiestate, belastingsertifikate, huidige debietorders en alle ander relevante administratiewe inligting wat u wil hê. Hierdie inligting kan enige tyd op u selfoon bekyk word en na 'n e-posadres van u keuse gestuur word.

BELANGRIKE INLIGTING

VIR DIE INVUL VAN U 2013-BELASTINGOPGAWE

In die afgelope 2013-belastingjaar het Old Mutual Unit Trusts die volgende samesmeltings van effeketrustfondse afgehandel:

- Op 23 Maart 2012 is die Four Plus Growth Fund of Funds en Four Plus Global Fund of Funds in die Old Mutual Balanced Fund opgeneem.
- Op 23 Maart 2012 is die Four Plus Secure Fund of Funds en Four Plus Capital Fund of Funds in die Old Mutual Income Fund opgeneem.
- Op 1 Februarie 2013 is die Old Mutual Global Index Fund of Funds in die Old Mutual Global FTSE RAFI All World Index Feeder Fund opgeneem.

Indien u in enige van hierdie fondse belê was toe hierdie samesmeltings plaasgevind het, sal u opmerk dat die finale omskakelingstransaksie op u Old Mutual Unit Trusts IT3C-belastingserifikaat van 28 Februarie 2013 vir kapitaalwinstbelasting-doeleindes (KWB) as 'n nulwaarde-transaksie aangedui is.

Ons wil aanbeveel dat u nie die Bruto Opbrengs óf die Basiskoste vir bogenoemde samesmeltingsverwante omskakelingstransaksies by u 2013-belastingopgawe vir die SA Inkomstediens (SAID) insluit nie, omdat SAID se inkomstebelastingvorm dan verkeerdelik outomaties 'n kapitaalwinst-/verlies hiervoor bereken. Hierdie fondssamesmeltings is nie transaksies wat vir KWB-doeleindes verklaar kan word nie.

HOU ONS OP HOOGTE... DIS MAKLIK

U KAN DIT OP VERSKEIE MANIERE DOEN:

- As u u staat elektronies ontvang, kies die "Your Details"-skakel om u kontakbesonderhede en inkomstebelasting-verwysingsnommer by te werk.
- Via ons veilige webtuiste (www.omut.co.za). As u geregistreer is vir veilige toegang, kan u u kontakbesonderhede, inkomstebelasting-verwysingsnommer en bankbesonderhede bywerk.
- U kan al u besonderhede bywerk deur 'n e-pos te stuur na unitrusts@oldmutual.com, of u kan ons kliëntedienssentrum skakel by 0860 234 234 of (021) 503 1770.
- Via ons webtuiste www.omut.co.za kan u ons Bywerkingsvorm vir Kliëntebesonderhede aflaai en invul, en saam met u stawende dokumente hetsy skandeer en per e-pos stuur na uttransactions@oldmutual.com of faks na (021) 509 7100.
- As u persoonlike interaksie verkies, kan u enige tyd u naaste Old Mutual-tak besoek.

Dit is maar net een aspek. Ons innoverende benadering eindig nie in die digitale area van ons besigheid nie, maar is deel van alles wat ons doen. Alle detailveranderinge en -transaksies sal per e-pos of SMS bevestig word om ekstra gemoedsrus te verseker.

Effektetrusts is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings. Vorige prestasie is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Die waarde van u belegging kan oor die korter termyn styg en daal in ooreenstemming met markbewegings. Wisselkoersbewegings kan die waarde van onderliggende internasionale beleggings laat styg of daal. Effektetrusts kan sekuriteite leen en uitleen. Die fonds se Totale Onkosteverhouding (TOV) weerspieël die persentasie van die gemiddelde netto batewaarde van die portefeulje wat as koste, heffings en fooie met betrekking tot die bestuur van die portefeulje aangegaan is. 'n Hoër TOV impliseer nie noodwendig 'n swak opbrengs nie, en 'n lae TOV impliseer ook nie 'n goeie opbrengs nie. Die huidige TOV kan nie as 'n riglyn vir toekomstige TOV's beskou word nie. 'n Lys van fooie, koste en maksimum kommissie is by Old Mutual Unit Trust Managers Ltd (OMUT) verkrygbaar. U kan u belegging verkoop teen die heersende prys van die dag (om 15:00 op 'n vooruitprysingsgrondslag bereken en 17:00 teen die maandeinde vir Old Mutual RAFI® 40 Tracker Fund, Old Mutual Top 40 Fund en SYM|METRY Equity Fund of Funds). Die Old Mutual Money Market Fund se onderaandeelprys poog om staties te wees, maar beleggingskapitaal word nie gewaarborg nie. Die totale opbrengs bestaan hoofsaaklik uit rente (wat daagliks om 13:00 verklaar word), maar kan ook enige wins/verlies op 'n bepaalde instrument insluit. In die meeste gevalle sal dit bloot die daaglikse opbrengs verhoog of verlaag, maar in uiterste gevalle kan dit die kapitaalwaarde van die fonds verminder. Spesialisaandelefondse kan 'n groter risiko inhou, aangesien blootstellingsperke ten opsigte van 'n enkele sekuriteit hoër kan wees. 'n Voederfonds is 'n portefeulje wat, afgesien van bates in likiede vorm, uitsluitlik uit deelnemingsbelange in 'n enkele portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema bestaan. 'n Fonds van fondse-effektetrust belê slegs in ander kollektiewe beleggingskemas, wat hul eie koste kan vra. Sekere fondse kan tydelik vir nuwe besigheid gesluit word om ooreenkomstig hul mandaat bestuur te word. Hierdie portefeuljes bevat verskillende onderaandeelklasse, wat aan verskillende fooie en koste onderhewig is. Old Mutual is 'n lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging Suid-Afrika (ASISA). Die handelsmerke Research Affiliates®, Fundamental Index®, Fundamentals VWeighted™ en RAFI® is die eksklusiewe intellektuele eiendom van en word gebruik onder lisensie van Research Affiliates, LLC. Enige gebruik van hierdie handelsname en logo's sonder vooraf skriftelike toestemming van Research Affiliates, LLC word uitdruklik verbied. Fundamental Index®, die nie-kapitaliseringsmetode om 'n indeks van sekuriteite te skep en te weeg, is die patent-eiendom van Research Affiliates, LLC. (Patent toegestaan. Publ.nrs. US-2005-0171884-A1, US-2006-0015433-A1, US-2006-0149645-A1, US-2007-0055598-A1, WO2005/076812, WO2007/078399 A2 en EPN 1733352.)

EK HET IN MY KIND BELÊ

HOE SUE PILLAY HAAR SEUN LAAT UITSTYG HET

"Vir my as ouer is my kind die belangrikste. Toe hy gebore is het ek besluit om hom die beste moontlike geleenthede te bied. Ek het R500 per maand in die Old Mutual Balanced Fund begin belê. Vandag, 18 jaar later, het sy belegging tot *R605 216 gegroei (opbrengs 13.6% p.j.) en kan ek hom na die universiteit van sy keuse stuur."

DIE ONGELOOFLIKE GEBEUR MÔRE AS JY VANDAG BEGIN BELÊ

Word vandag nog 'n beleggingsvennoot van die Old Mutual Investment Group. Kontak jou Old Mutual Finansiële Adviseur of jou makelaar, skakel **0860 INVEST (468378)** of besoek www.omut.co.za

*Gegronde op gemiddelde kliëntervaring maar werklike beleggingsopbrengste; opbrengste aangehaal voor inflasie; uitkerings herbelê; premies met 'n jaarlikse verhoging van 6%. Old Mutual Investment Group (Pty) Limited is 'n gelisensieerde finansiële diensverskaffer. Effektetrusts is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings. Vorige prestasie is nie 'n aanduiding van toekomstige groei nie. Die waarde van jou belegging kan oor die korter termyn styg en daal in ooreenstemming met markbewegings. Wisselkoersbewegings kan die waarde van onderliggende beleggings laat styg of daal. Effektetrusts kan sekuriteite leen of uitleen. Fondswaardasies word daaglik om ongeveer 15:00 op 'n vooruitprysingsgrondslag gedoen. Die fonds se Totale Onkosteverhouding (TOV) weerspieël die persentasie van die gemiddelde netto batewaarde van die portefeulje wat as koste, heffings en fooie met betrekking tot die bestuur van die portefeulje aangegaan is.

DOEN DIE ONGELOOFLIKE



OLDMUTUAL
INVESTMENT GROUP